

# Gebed en Lofprys

**SAT-7 SE LIBANON SPAN DEEL  
MEELEWING IN COVID-19 KRISIS**

Ses maande sedert die Beiroet ontploffing, dryf die pandemie Libanon se gesondheidstelsel en ook sy ekonomie tot breekpunt. Die boodskap van SAT-7 se Libanon span aan hulle mede-Libanese, wat met krisis op krisis worstel, is: **al is hulle lyding hoe ondraaglik, hulle is nie alleen nie, en God het hulle nie vergeet nie.**

“Dit is die moeilikste iets om ’n pasiënt te moet wegwys omdat daar nie plek in jou hospitaal is nie,” sê Professor Pierre Yared, Direkteur van die Libanese Universiteit Hospitaal, Geitawi. Professor Yared deel verder openhartig oor die krisis wat wêreldwyd hoofnuus is: oorvol hospitale, probleme om suurstof te bekom, mense wat tuis of in motors voor die hospitaal sterf sonder moontlikheid van versorging of behandeling.

Professor Yared het begin Februarie in ’n spesiale episode van die program, *Jy is nie Alleen nie* opgetree. Die program het ten doel om die Arabies-sprekendes tydens die pandemie te ondersteun en word in Beiroet vervaardig. Tydens die spesiale episode is gefokus op die gesondheidskrisis in Libanon en is kykers wat daardeur geraak word bemoedig. Professor Yared het kykers direk aangespreek en hulle kommer probeer verlig met praktiese gesondheidsorg-advies en bemoediging.

Met streng inperkings in Libanon was die SAT-7 ateljee vir ’n week gesluit. SAT-7 Libanon Uitvoerende Direkteur, Maroun Bou Rached vertel: “Ons was genoodsaak om ons ateljee te sluit om ons eie mense teen COVID-19 te beskerm. Gelukkig kon die ateljees weer heropen en uit-sendings hervat. Programme soos *Jy is nie Alleen nie*, wat kykers bemoedig en hoop gee, kan weer uitgesaai word.”

“Na die ontploffing in Beiroet het ons, deur ons programme, kykers bewus gemaak van die swaarkry van families. Ons het kykers ook verwys na relevante hulpbronne,” sê Juliana Sfeir, van SAT-7 AKADEMIE. “Die geldeenheid is met 80% gedevalueer. Dit beteken ons kan nie mediese voorrade invoer om te help met die pandemie nie. Hospitale is ook in die ontploffing verwoes,” voeg sy by.

“SAT-7 volhard om soveel mense moontlik te bereik met die boodskap dat God ons nie vergeet het nie. Ons is in Sy hande. En Hy sal ons land weer nuut maak en ’n nuwe more laat aanbreek.”

• **Mag God Juliana se geloofsvertroue beatwoord.**



# Gebeds † Nuus

Februarie 2021



**#BID VIR LIBANON**

Video:

**“God het ons nie vergeet nie. Ons is in Sy hande. En Hy sal ons land weer nuut maak en ’n nuwe more laat aanbreek.”**  
- Juliana Sfeir

[https://www.youtube.com/watch?v=\\_TNfUfdLTYI&feature=emb\\_logo&ab\\_channel=SAT-7International](https://www.youtube.com/watch?v=_TNfUfdLTYI&feature=emb_logo&ab_channel=SAT-7International)

MAAK  
HOOP  
SIGBAAR

SUID AFRIKA KANTOOR:

Posbus 242  
Carnarvon NC 8925  
southafrica@sat7.org  
+27(83)628 6488/+27(71)375 1578  
Kontak asb kantoor vir bankbesonderhede

Kopiereg © 2021 SAT-7  
www.sat7sa.org  
www.sat7.org  
www.sat7uk.org

# Gebed en Lofprys

**CHRISTENE IN TUNISIË DEEL HUL GELOOF**

SAT-7 bied ’n platform vir Christene in Tunisië wat erns maak om hulle geloof met hulle gemeenskap te deel. Terwyl die land voorbereidings tref om die “Jasmyn Rewolusie”, wat gelei het tot die Arabiese lente, te vier, het SAT-7 die eerste programme, vervaardig deur Christene in Tunisië, aangekondig.

*Kersfees in Tunisië* en ’n aktualiteitsprogram, *Gesprek*, is die eerste produksies van Perpetua, die nuwe Christelike produksiespan in Tunis. Hulle is toegerus en word ondersteun deur SAT-7.

George Makeen, Direkteur van SAT-7 Arabiese Kanale Internasionaal, sê die Tunisiese span is om verskeie redes belangrik. “Dit is opwindend om te sien ’n klein maar aktiewe Tunisiese Kerk van gelowiges van nie-Christen agtergrond, is gretig om openlik hulle belydenis met hul gemeenskap te deel. Hulle het ’n passie om programme in verskillende genres te vervaardig en het baie planne vir die toekoms. Hulle is ambisieus en optimisties.

“Tunisië word deur baie mense in die Arabiese wêreld as ’n model gesien. Christene uit hierdie kultuur, waar meer verdraagsaamheid en vryheid van spraak as elders is, kan die res van die Arabiese wêreld deur hulle boodskappe en geloof inspireer.”

Die Tunisiese span het op die naam Perpetua besluit, wat verwys na een van die eerste Noord-Afrika martelare wat in die derde eeu in Kartago gesterf het. In samewerking met professionele vryskut mediaspanne is *Kersfees in Tunisië* geskiet. Die program het die Christelike betekenis van Kersfees in die kulturele kersvierings van die land uitgewys.

*Gesprek* bespreek verskeie onderwerpe uit Christelike perspektief, van om God te ken tot gesinslewe. Beide programme word deur SAT-7 ARABIES uitgesaai saam met die bestaande programme uit Egipte, Libanon en ook programme uit Algerië. Bykomend gebruik SAT-7 ook programme van Christelike vennote in die Arabiese wêreld.

• **Dank God saam met SAT-7 vir die Perpetua span. Vra dat God hulle sal toerus met vaardighede, kreatiwiteit en begrip om programme te maak wat ’n wye en groeiende gehoor aanspreek.**

• **Bid ook vir die ontwikkeling van SAT-7 se Noord-Afrika programme. Meeste gelowiges daar is eerste of tweede generasie Christene en baie kan nie openlik bymekaarkom nie.**



# ONTMOET ONS KYKERS

Bid asb vir die volgende kykers  
terwyl jy hulle boodskappe lees

## KYKER IN TURKYE

“Hier is geen Christen jongmense in ons omgewing wat vriende vir my seun kan wees nie. Hy is baie eensaam. Ek is bekommerd oor die invloed van vriende wat dwelms gebruik. Bid vir sy beskerming.

## KYKER IN IRAN

“Hoë huur, inflasie, koronavirus, min werksgeleenthede en druk van die gemeenskap eis sy tol. Bid dat ek redes om te hoop kan vind deur Jesus.

## KYKER IN AFGHANISTAN

“Ek het my lewe aan God gegee en my man wou my laat arresteer. Ek het hom met liefde behandel. Nou aanvaar hy dat ek ’n Christen is en het opgehou om my te dreig. Dank God vir hierdie verandering. Bid dat daar nog meer verandering sal kom.

## KYKER IN IRAK

“’n Figuur geklee in glansende wit klere het in my droom aan my verskyn en my oorweldig met liefde soos ek nog nooit ervaar het nie. Help my om hierdie figuur en hierdie liefde te verstaan.

## KYKER IN ALGERIË

“My broers dreig om my dood te maak as ek weer kerk toe gaan. Ek volg SAT-7 kerkdienste in my kamer. Bid vir my en my familie.



## GETUIENISSE INSPIREER CHRISTENE IN ALGERIË

’n Nuwe program met inspirerende getuienisse uit Algerië word in die Noord-Afrika tydgleuf op SAT-7 ARABIES uitgesaai. *Dit is Geskryf (Yura Di Tira in Tamazight)* deel die getuienisse van Amazigh (Berber) Christene in kort 3-5 minute episodes.

As ’n skaapwagter in die Algeriese platteland het Youssef min geleenthede gehad om Christene te ontmoet. Maar, getuig hy in die program, ’n verlange om Jesus te ken het in sy hart gebrand.

“Ek het van Jesus Christus gehoor en dat mense sê Hy is God en die Seun van God. Iets het in my binneste geroer en my gedring om meer van Hom te wil weet. Ek het ’n Bybel in die Tamazight taal gekoop want ek kan nie Arabies of Frans lees nie. En ek het oor Hom begin leer.

“Met my lees van die Bybel, het ek geleer dat Jesus Christus God is. Hy is die Een van wie Jesaja geprofeteer het, Emmanuel... God met ons. Ek het toe my lewe geheel en al aan Christus oorgegee en Hom as my persoonlike Verlosser aanvaar,” getuig Youssef.

In geloofsvertroue in God se mag en almag oor sy lewe het Youssef die besluit geneem om, in die Naam van Jesus, te bid vir genesing van ’n siekte wat hom reeds vir vier jaar teister. “Ek het gesê: ‘Selfs as ek sterwe, gaan my siel na die hemel en het ek hierdie siekte oorwin.’ Kort daarna het ek in my liggaam gevoel dat ek genees is.”

## “Jesus het na my gekom”

In ’n land waar dit moeilik is om ’n gelowige te vind wat die Evangelie kan deel, beskryf baie nuwe Christene hoe Jesus na hulle in drome kom. In een episode vertel Hussein hoe hy Jesus ontmoet het.

“Ek het gehoor Jesus is ’n profeet wat na die Jode en Westerlinge gekom het. Dit was aanvanklik moeilik vir my om Hom te aanvaar. Toe kom Jesus na my toe in ’n droom. Daarna was ek oortuig dat Jesus werklik bestaan en het ek Hom in my lewe aanvaar,” vertel Hussein.

## Die Here is by die gebroekenes van hart

Maria vertel haar verhaal van ’n gebroke hart: “Ek is in ’n godsdienstige konserwatiewe familie gebore. Omdat ek ’n meisie is, het my ouers my uit die skool gehaal en gesê dat my plek by die huis is. Ek is getroud toe ek sewentien was. Binne tien jaar was ek ma van sewe kinders.

“My man het gesterf en my as jong weduwee agtergelaat. Dit was ’n groot uitdaging vir my om alleen my kinders groot te maak, maar Christene in ons dorpie het die Goeie Nuus met ons gedeel. My twee seuns het eerste die Here as hulle Verlosser aangeneem. ’n Paar maande later het ek ook besluit om Jesus te volg. Hy het my trane afgegee en my gebroke hart genees!”

## Bid vir Samy in Algerië

“Ek het opgegroei in ’n klein dorpie in Algerië en die lewe was nog nooit maklik nie. My familie is konserwatief en my pa ’n nie-Christen godsdienstige leier. Ek het nooit durf waag om vrae oor God te vra nie - tot die dag wat ek SAT-7 se program *My kerk in Algerië* gekyk het. Ek het ’n Christen leier gekontak wat my na die kerk genooi het en daar het ek my hart vir Jesus gegee. My familie het gehoor dat ek ’n volgeling van Jesus geword het en my pa het my vir meer as ’n jaar die huis belet. Ek is dankbaar dat God my ma gebruik het om hom te oortuig dat elkeen vry is om sy eie godsdienste te kies.”

- Bid dat hierdie getuienisse ander in Algerië en in die streek sal help om die lig en hoop van Jesus Christus te vind.
- Bid dat SAT-7 in staat sal wees om meer programme in Noord-Afrika op te neem.